Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

23 FEBRUARIE 2020

# GEMEENTEBULLETIN

**OGGENDDIENS**

Wat is vandag nodig?

Lukas 19:28-44

**BLOKDIENS**

Tree vir tree

Lukas 19:28-44

**AANDDIENS**

Vrygemaak om te dien.

Romeine 6:1-14

**DEUROFFER**

Jan Kriel Instituut, Kuilsrivier. Jan Kriel bied leerondersteuning aan leerders met leergestremdhede. Arbeidsterapeute, spraakterapeute en fisioterapeute is deel van die multi-professionele span wat leerders ondersteun.

## EREDIENSTE

| | | | 23 Februarie | | 1 Maart | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | **Nagmaal** | | **Doop** | |
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Breytenbach | 1/2 | Ds. Potgieter | 3 |
| 09:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Ds. Visagie | 9/6 | Ds. Ackerman | 8 |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Ds. Dietmann | - | Ds. Dietmann | - |
| 09:00 | Grootsaal | Blokdiens | Ds. Potgieter | - | Ds. Breytenbach | - |
| 18:00 | Kerk | Relevant | Ds. Ackerman | - | Ds. Ackerman | - |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens | Mike v. Deventer | 13 | Ds. Potgieter | 11 |

## KOSPROJEK 25 FEBRUARIE

Bydraes van niebederfbare kos moet asb. voor 25 Februarie by die kerkkantoor afgegee word. Kontantbydraes kan ook by die kerkkantoor inbetaal word, of EFT na ABSA-tjekrekening, 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik KOSPROJEK as verwysing.

## BESOEK AAN KHAYELITSHA-GEMEENTE

Ons nooi lidmate om op Sondag 1 Maart saam met ons die Khayelitsha-gemeente te besoek. Ons woon 'n erediens van pastoor Monwabisi se gemeente by. Hy is een van ons medewerkers. Die groep vertrek om 10:00 (na die oggenddiens) vanaf die parkeerarea voor die markplein. Navrae: ds. Why Duvenhage 082 570 5931.

## HUISGELOOF VIR GESINNE

Gesinne kan weekliks Bybelstudiedagstukkies wat vir huisgodsdiens benut kan word, van die webwerf aflaai. Besoek www.stellenberg.co.za.

## VATVYF

Ons besoek Villiera-wynplaas in Stellenbosch op Woensdag 4 Maart en proe vonkelwyne saam met 'n verskeidenheid nougat, op die kelder se terras, onder die akkerbome. Koste: R60 p.p. Bussies vertrek om 08:30 vanaf die kerk. Bespreek jou plek by Karin 021 976 4519 voor, of op 2 Maart. Daar is net plek vir 24 mense.

## LEEF IN VOLKLEUR – VROUEAAND

Vroue word uitgenooi na 'n vroueaand op Donderdag 12 Maart vanaf 19:00 tot 21:00 in die kleinsaal. 'n Ligte ete word bedien en die bekende spreker en skrywer, Lynette Beer, kom gesels oor hoe jy 'n lewe in volkleur kan lei. Sy gaan die vierkleurige temperamentmodel wat sy ontwikkel het, verduidelik. Die model bemagtig mense om hulle hoogste potensiaal op persoonlike en professionele vlak te bereik. Koste: R200 per persoon. Besprekings by Karin: 021 976 4519/karin@stellenberg.co.za.

## BYBELSKOOLKURSUS – 14 APRIL

**Hoe is God vandag by ons? Die aartsvaderverhale.**

Die aartsvaderverhale in Genesis 12 - 50 vertel hoe God se nabyheid dié mense en hulle leefwêreld, te midde van korrupsie, familie krisisse, ekologiese rampe asook politieke en ekonomiese onsekerheid, geraak het. Kom reis in die vyfweekkursus saam met Abraham, Isak en Jakob en ontdek hoe nou verweef God in die werklikheid van ons daaglikse bestaan is.

Aanbieder: Ds. Marius Breytenbach. Datums: Dinsdag 14, 21, 28 April, asook 5 en 12 Mei. Tyd: 19:00-20:30. Koste: R30. Inskrywing by Karin Barter 021 976 4519/karin@stellenberg.co.za

## TIENDEMAANDINSAMELING

Ons is intens dankbaar vir die wyse waarop lidmate steeds tot die insameling bydra. Ons mikpunt is R1 850 000 en **R1 328 110** is sover ingesamel. Bydraes kan tot 29 Feb. by die kerkkantoor, of elektronies oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, gebruik asb. TIENDEMAAND as verwysing.

### KATEGESE KLEINGROEPE

Graad 1: Jeuglokaal

Graad 2 en 3: Kleinsaal

Graad 4 - 6: Grootsaal

Graad 7: Bovertrek

Graad 8: Grootsaal

Graad 9: Jeuglokaal

Graad 10: Kerk

Graad 11: Kleinsaal

### BREIGROEP

Kom op 2 Maart om 09:30 in die markplein bymekaar.

### PAASFEESKOOR

Die Paasfeeskoor gaan op Dinsdagaande om 18:30 in die kerk oefen. Dankie aan almal wat betrokke geraak het.

### WES-KAAP SENDINGAKSIE

Die bediening benodig die dienste van 'n sendingkoördineerder wat vanaf sy/haar huis kan werk.

Navrae:

JC Wright

072 895 0453

## OUERSKAP #102

Daar is geen handleiding, of graadkursus, om jou op ouerskap voor te berei nie. Ds. Jan van Zyl, leraar en betrokke by Stellenbosch Moedergemeente se familiebediening, kom deel op Sondag 15 Maart om 10:00 in die kerk praktiese riglyne oor hoe 'n mens ouerskap positief kan benader. Geen besprekings is nodig nie en toegang is gratis.

## *DATE NIGHT* — VERHOUDINGSKURSUS

*Date night* is 'n verhoudingskursus wat oor vier weke op Donderdagaande om 18:30, strek. Julle kan al vier byeenkomste, of net een, of twee in die reeks bywoon. Kom sit saam met jou maat aan tafel, geniet 'n bord kos en glas wyn en bespreek relevante verhoudingskwessies met mekaar. Kinderoppassers is in die grootsaal beskikbaar. Die koste vir die hele kursus is R200 per paartjie, of R100 per week. Bespreek julle plek by Anneke, sos@stellenberg.co.za/021 976 8029.

## ASWOENSDAG-VIERING OP 25 FEB.

Op Dinsdag 25 Februarie om 18:30 in die kapel vier ons Aswoensdag. Aswoensdag dui tradisioneel die begin van die lydenstyd aan. Neem asb. vrymoedigheid om by die besondere geleentheid aan te sluit.

## WÊRELDBIDDAG VIR VROUE

Ons vier op Donderdag 5 Maart om 19:00 die Wêreldbiddag vir Vroue in die kapel. Die tema: Staan op, neem jou slaapmat en loop. Alle vroue en dogters is welkom om die diens by te woon.

## STOELPAKKERS/REKENAAROPERATEURS

Ons benodig rekenaaroperateurs wat tydens eredienste met die vertoning van liedere se woorde en ander visuele aanbiedings behulpsaam kan wees en stoelpakkers wat Sondae met die voorbereiding van die sale kan help. Vergoeding word aangebied. Kontak Hanlie by 021 976 4519/hanlie@stellenberg.co.za.

### EDELWEISS NAGMAAL

Sondag 23 Februarie om **17:30**

1 Samuel 16 : Die Here kyk na die binneste

### EDELWEISS WITOFLIFANTTAFEL

Donderdag 27 Feb 09:00 tot 11:30 in Edelweiss se voorportaal.

Ondersteun gerus die fondsinsamelingsprojek.

### GEBEDSGROEPE

- Vrouegebedsgroep Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.

### GEMEENTENUUS

Stuur 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za om die Bulletin, Samaritaan en Stellenberger per e-pos te ontvang, of WhatsApp jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720 om die Bulletin en Samaritaan op jou selfoon te ontvang.

# BASAAR 6 MAART 16:00



Ons basaar is om die draai. Teken dit in jou dagboek aan en laat weet asseblief waar jy betrokke kan raak.

**HELPERS:** Ons het helpers by bedieningspunte en kaartjie-verkope nodig. Kontak asb. vir Deon Maree 082 869 0364.

**OFFERTAFEL:** Skenk asb. enige gebakte produkte vir die offer-tafel. Die predikantespan gaan ook elkeen hulle bakvernuf by die tafel ten toon stel. Callie bak dekadente *cinnabuns* en Philipp gaan *death-by-chocolate-brownies* optower. Marius slaan sy hand aan sjokoladekoekies, Hanno spog met 'n peperment-en-karameltert en René wil die gedugte Duvenhage-span uitdaag om te kyk wie die lekkerste melktert kan bak. Gee asseblief jou bydrae met 'n prys daarop, Vrydagoggend 6 Maart by die grootsaal af.

**TE ETE:** Jy kan die volgende staatmakers by die basaar koop:

| | |
|---|---|
| Roosterkoeke R20 | Vetkoeke met kerriemaalvleis R20 |
| Jaffels met hoender R20 | Hamburgers R25 |
| Boerewors en smoor R20 | Braaivleis en slaai R75 |
| Kerrie en rys R35 | Pannekoek R6 |
| Poeding R15 | Chipstix en roomys |

**Betaal met kontant, krediet– en debietkaarte/SnapScan.**

**WITOLIFANTTAFEL:** Enige bruikbare artikels soos kombuis-ware, boeke, ornamente en gereedskap is welkom.

**JAFFELPANNE:** Kan ons jou jaffelpan leen? Ons sal dit mooi oppas. Gee dit met jou naam daaraan vasgemaak, by die kerkkan-toor af.

**VIR DIE JONGSPAN:** Daar is weer 'n abseiltoring in die kleinsaal en die hoogste klimmer gaan 'n prys wen. Vir jonger kinders is daar lekker springkastele en gesigverf.

**DONASIES:** Help om die onkoste laag te hou. Bydraes kan by die kerkkantoor inbetaal word, per EFT na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005 oorbetaal word, of met SnapScan gemaak word. Gebruik BASAAR as verwysing.

**Kontakpersoon:** Deon Maree by 082 869 0364 of deon@mediationforum.co.za

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeids-terapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

STELLENBERG-GEMEENTE

SNAPSCANKODE